

# HOE OM AANLYN AANSOEK TE DOEN

## TEKEN AAN (STAP-VIR-STAP)

**Stap 1: Kry 'n studentenommer (begin by stap 2 indien jy reeds een het)**

- Gaan na die [platform vir aanlyn aansoeke](#)
- Klik op *Verander taal*
- Kies *Afrikaans* en verander
- Klik op *Nuwe aansoek*
- Klik op *Skep nuwe studentenommer* en voltooi al die velde

Let wel: Die toekenning van 'n studentenommer beteken nie dat die aansoekproses voltooi is nie. Gaan asseblief deur al die onderstaande stappe om te verseker dat u aansoek voltooi is en dat dit ons bereik. Onvolledige aansoeke sal nie deur die Universiteit verwerk word nie.

## Stap 2: Teken in

Wanneer jy jou studentenommer kry, gebruik dit saam met die PIN wat jy self geskep het om in te teken.

## Stap 3: Wat wil jy studeer?

Voltooi al die velde. Gebruik die "Jaarboekskakel" om meer inligting te kry oor die kwalifikasies, afleweringsmodusse en kurrikulums. Jy kan ook die inligting in die onderstaande jaarboeke kry:

- [Mafikeng](#)
- [Potchefstroom](#)
- [Vanderbijlpark](#)

## Stap 4: Oplaai van stawende dokumentasie

Om u aansoek te oorweeg, laai asb. die volgende stawende dokumentasie op:

- [Getekende onderneming](#)
- Beskikbare graad 12-punte (of gr 11-punte indien die graad 12-punte nog nie beskikbaar is nie), of 'n afskrif van jou matrieksertifikaat – as jy reeds matriek geslaag het.
- Afskrif van jou ID
- Bewys van betaling van aansoekfooï (R150)
- **Internasionale studente: Addisionele dokumentasie**
  - 'n Afskrif van tersaaklike uitslae
  - 'n Afskrif van jou paspoort
  - Bewys van betaling van aansoekfooï (R550)

## **Stap 5: Dien aansoek in**

Maak seker dat jy die "Dien aansoek in" -knoppie druk as jy klaar is, om seker te maak dat ons jou aansoek ontvang.

## **BETAALBARE GELDE**

- Die aansoekfooi is R150 (R550 vir internasionale studente)
- Daar is 'n akkommodasie-deposito van R500 betaalbaar by koshuisaansoeke

### **Bankbesonderhede:**

- **ABSA-rekeningnommer:** 670 642 313
- **Rekeningnaam:** NWU Diverse
- **Takkode en -naam:** 632 005, Tomstraat
- **Verwysing:**
- A + Voornemende student se ID-nommer OF
- A + Studentenommer OF
- A+ Geboortedatum en van

## **VOORGRAADSE NAVRAE**

- 018 299 4383/4130/4263/2445
- 018 285 2227/2334
- [applicationsug@nwu.ac.za](mailto:applicationsug@nwu.ac.za)